**Huiswerkvel 25 (Hoofstuk 13)**

**Vraag 1**
Beantwoord die volgende vrae oor die drama, *Betower*.

1.1 Gee 'n sinoniem vir die woord "drama". (1)

1.2 Wie is die hoofkarakter in *Betower?* (1)

1.3 Verduidelik wat jy verstaan onder die **milieu** in 'n drama. (3)

1.4 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord. (4)
1.4.1 'n Choreograaf is verantwoordelik vir die kostuums van die karakters.
1.4.2 Die souffleur werk die bewegings op die verhoog uit.
1.4.3 Die verhoogbestuurder reël alles op die verhoog.
1.4.4 Die tyd in die drama is wanneer die gebeure plaasvind.

1.5 Wie is die skrywer van die drama, *Betower*?(1)

1.6 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

*"Daar is nog dinge wat Thandi wil sê, maar sy is vol van Amazolo se woorde.*
*"Bly mooi, Amazolo," sê sy.*
*"Loop mooi, Thandi."*
*Buite skyn die son. Thandi kyk na die vallei, met haar rug na Zolile toe. "Sal jy partykeer na die groot huis toe kom – nie net om vir Mvula te sien nie?"*
*Hy vat aan haar skouers en draai haar om. "Ek sal kom, mama."*

1.6.1 Wat het Amazolo vir Thandi gesê wat haar so hartseer gemaak het dat sy nie verder kon praat nie? (2)
1.6.2 Hoe was hierdie besoek van Thandi aan Amazolo anders as die vorige keer toe sy vir Amazolo besoek het? (2)
1.6.3 Wat dink jy, wou Thandi dalk nog vir Amazolo gesê het? (1)

[15]

**Vraag 2**
Dit is 18 Julie en die herdenking van oud-president Nelson Mandela (Madiba) se verjaardag. Skryf 'n huldeblyk van 120–150 woorde wat jy op jou skool se Mandeladagvieringe moet voorlees.

[30]

Hierdie bladsy mag gekopieer word.